

KOERSVAS

Jaargang 3

Uitgawe 69

14 Augustus 2015

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Oplossings?

Die Transnet debakel met die aankoop van diesel treine wat te hoog staan om onder die elektriese kabels te loop, herinner aan die twee mans wat rivierlangs met hulle donkie gestap het. Hulle kom toe by 'n lae brug met 'n wal wat te hoog is vir hulle om 'n ooppad te neem. Die brug se vryhoogte is net te laag en die donkie se kop stamp teen die brug. "Ons sal iets moet doen" was hulle konsensus. Die een man haal toe die pik en graaf uit die donkie se saalsak. "Is jy dom of mal?" was die vriend se reaksie. "Dit is die donkie se kop wat stamp, nie sy pote nie, kry uit die hamer en beitel." Gelukkig wou hulle darem nie die donkie se ore afsny nie.....

Transnet lokomotiewe is klaar gemaak en reg vir aflewering. Nou skielik kom iemand agter die donkie se ore is te groot. Hoe om nou die probleem op te los. Transnet gaan.... maak 'n merkie in die toepaslike blokkie:

- Die spore dieper grawe
- Die elektriese lyne hoër maak
- Alle nodige brûe hoër maak
- Nie betaal nie
- Aflewering weier

- 'n Ander koper soek sodat die verlies nie te groot is nie
- Die treine se wiele so bietjie afblaas
Sommige sake het geen keer nie. Tog is daar diegene wat dink hulle kan die horlosie terugdraai.

Jare gelede het Jamie Uys 'n flik die lig laat sien oor snaakse mense. Een skets was naby 'n massiewe toering wat vir sloping geskeduleer was. Hulle het 'n man op 'n veilige afstand gepositioneer met 'n rits kabels wat hy moes las. Die waarskuwing was duidelik dat hy die regte kleur by die regte kleur moet las, anders kan hy die toering opblaas. Sy ongelowige lag was kostelik. Hy het begin las en skielik het die plofstowwe hulle werk begin doen op die toering, wat amper perfek inmekaar gesak het. Die skok op die man se gesig het skaars registreer voordat hy die kabels uitmekaar geruk het. Ons sal nooit weet of hy alle bewyse van sy "misdaad" wou vernietig, of dalk net die ontploffing ongedaan wou maak nie. Die klok kan nie teruggedraai word nie, maar hy kan darem vra: "waars djou evidence nou?"

Somtyds is die gevolge van oplossings meer as wat ons voorsien, en somtyds is daar net geen oplossing nie. Ons kan kies om probleme weg te steek, te ontken,

aanhoudend te analyseer en bespreek of met waagmoed 'n oplossing voor te stel. Die oplossing moet natuurlik nie net op 'n verskuiwing neerkom nie. Verskuiwing skep groter verleentheid.

Soos die koeke wat by 'n seker basaar geskenk is. Pragtig versier, mooi om na te kyk en maklik om te verkoop. Net jammer niemand het geweet wie die koeke gebak het nie. Die persoon se eerste probleem was duidelik dat daar te min bakpoeier of suurdeeg of iets in die beslag was. Die koeke het langs die kante gerys maar binne gelyk soos die dal van doodskaduwee. Die oplossing was eenvoudig. Stop die binnekant op met toiletpapier en versier dan soos gewoonlik. Daar is mense wat vandag nog nie daar koek koop nie! . Somtyds maak die volgende gesegde nogal baie sin. "As jy probeer en nie slaag nie, verwyder alle bewyse dat jy enigsins probeer het." Onthou: "Hy wat weer en weer probeer betaal waarskynlik nie die rekening nie."

Sommer net so tong in die kies midde in die situasie waarin ons leef.



BERIGTE

1. Agenda uitgestuur

Die Agenda vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, is na al die gemeentes versend. Kerkrade wat dit nie ontvang het nie, word versoek om dringend met ds Marais in verbinding te tree sodat almal genoeg tyd het om die agenda deur te werk en goed voorbereid by die vergadering op te daag. Die Bondsvergadering sal ten aanvang moet besluit oor die voorstel om een saak per Bondsvergadering intensief te bespreek en hanteer. Die Kerkorde as

eerste saak vir die Meyerspark vergadering blyk van groot belang te wees.

2. Dames byeenkoms

LEEF IN DIE LIG GHG DAMES-BYEENKOMS, 7 SEPTEMBER 2015

Alle dames word hartlik uitgenooi na die Geloofsbond se Damesbyeenkoms DV Maandag, 7 September 2015 te Meyerspark Hervormde gemeente vanaf 8:00-16:30.

Soos verlede jaar, is dit 'n ontspanne geleentheid vir geloof-saamkuier, om mekaar beter te leer ken en is dit 'n geleentheid om mekaar te kan ondersteun en bemoedig. Koste is R100 per persoon en sluit registrasie, koffie en tee-geleenthede en middagete in. Alle dames van GHG-gemeentes is welkom. Kontak **Ina Steenkamp by 082 908 2831** vir besprekings of meer inligting.

KENNISGEWINGS

1. Bondsvergadering.

DATUM: 6 tot 8 September 2015.

PLEK: Hervormde Kerk Meyerspark

TYD: Registrasie vanaf 16H00.

Opening om 18H00.

KOSTES: R250 per afgevaardigde.

Die volgende moet asseblief as verwysing vermeld word by inbetaling:

"Gemeente Naam" Bondsvergadering Afgevaardigdes.

.

2. Bybelvasvra

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot

22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).

3. Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.
- Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde prys. Belangstellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**.
- Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlikse Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252.

• Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
 - Verlofregister R24-75 elk
 - Kwitansie R16-90 elk
 - Offergawe R6-60 elk
 - Dames Kwitansie R14-45 elk
 - Konsistorie R22-35 elk
 - Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk
- ella@teamworkprinters.com

4. Geloofsbond Eredienste :

www.geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.
<http://www.geloofsbond.org.za/>

5. Skenkings

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

LIEF IN DIE LIG

GHG DAMESBYEENKOMS, 7 SEPTEMBER 2015

Alle dames word hartlik uitgenooi na die Geloofsbond se Damesbyeenkoms DV Maandag, 7

September 2015 te Meyerspark Hervormde gemeente vanaf 8:00-16:30.

Soos verlede jaar, is dit 'n ontspanne geleentheid vir geloof-saamkuier, om mekaar beter te leer ken en is dit 'n geleentheid om mekaar te kan ondersteun en bemoedig.

Koste is R100 per persoon en sluit registrasie, koffie en tee-geleenthede en middagete in.

Alle dames van GHG-gemeentes is welkom.

Kontak Ina Steenkamp by 0829082831 vir besprekings of meer inligting.

MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE VOLGENDE PRYSE TE WEN

- 1ste Prys: Week se verblyf met luukse
akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.
Slaap 12. Daaglikse skoonmaak ingesluit.**
- 2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis**
- 3 de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis**



Trekking: 29 November 2015
Pryse kan nie vir kontant
omgeruil word nie.

Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by 084 581 2905

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies
van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING**by 018 381 1494.